

# St. Jeanne d'Arc

## 30 Mei

(1412 - 1431)

Hierdie beminde Maagd van Orleans, beskermheilige van Frankryk is in nederige omstandighede in die dorpie Domrémy gebore. Op 15-jarige ouderdom beleef sy haar eerste visioen waarin die aartsengel Migael en die heiliges Katerina en Margareta haar die opdrag gegee het om Frankryk van die juk van die Engelse te bevry. Daarna volg daar soveel merkwaardige en wonderbaarlike gebeure waardeur hierdie plaasmeisie uiteindelik die Franse troepe lei en die stad Orleans bevry en sodoende Karel VII in staat stel om in Reims tot Franse koning gekroon te word. Sy voorspel ook haar eie gevangeneming deur die Boergondiërs wat haar aan die Engelse verkoop het. Sy is van heksery aangekla en deur 'n tribunaal in Rouen verhoor en skuldig bevind. Op 30 Mei 1431 is sy voor 'n skare mense op die markplein op 'n brandstapel verbrand. In 1456 het pous Callistus III haar onskuldig bevind en in 1920 is sy heilig verklaar.

© Die Oratorium Uitgewery